Shoprite brei voedingskema landwyd uit om honger en wanvoeding te bekamp

Die Shoprite Groep het vandag, (Woensdag 24 Junie 2009) aangekondig dat nog agt mobiele kombuis-eenhede gereed is om in gebruik geneem te word en dat die die groep se nasionale voedingskema nou landwyd bedryf kan word ten bate van die armste gemeenskappe in Suid-Afrika en om humanitêre hulp te verleen wanneer rampe tref.

Drieduisend kinders van hulpbehoewende gemeenskappe in Gauteng sal teenwoordig wees by die Kaalfontein Primary School in Tembisa wanneer die Shoprite Groep die nuwe mobiele kombuis-eenhede wat onmiddellik landwyd ontplooi gaan word, bekendstel.

Die nasionale voedingskema sal na raming ten minste 4.4 milljoen maaltye van voedsame sop en brood oor die komende 12 maande versprei om te help om die voedingstatus te verbeter van die mense van Suid-Afrika, veral die van kinders en bejaardes asook die duisende mense wat hul werk verloor het.

In die aankondiging van die byvoegings tot die vloot van mobiele kombuis-eenhede het Brian Weyers, Direkteur van die Shoprite Groep, gese die groep is terdeë bewus van die voortdurende ekonomiese druk wat op minderbevoorregte gemeenskappe geplaas word met die land se eerste resessie in 17 jaar.

“Ons het kennis geneem van die verbintenis tussen ekonomiese ontwikkeling, verligting van armoede en wanvoeding en het ons rol en verantwoordelikheid in die verband heroorweeg. In die proses het ons sosiale besteding vir 2009 herfokus om meer en meer Suid-Afrikaners te help wat bekommer oor hoe hulle hul families gaan voed.

“Ons streef nie net voordurend om aan Suid-Afrikaners die laagste pryse te bied nie maar ons het dit nou verbreed om te help met aansienlike sosiale besteding. Sedert ons die voedingskema as ‘n loodsprojek aangepak het, het ons in totaal 1.7 miljoen maaltye van voedsame sop en brood bedien. Die nuwe mobiele kombuis-eenhede sal die groep in staat stel om landwyd maaltye aan die armste van armstes te bedien.

“Die projek het in Maart met twee mobiele kombuis-eenhede in Gauteng en die Noordwes Provinsie geloods. Dit word nou uitgebrei met nog twee mobiele kombuis-eenhede elk in die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal en een elk in die Vrystaat en Noord-Kaap, Limpopo and Mpumalanga wat die totaal op 10 te staan bring.

“Elke mobiele kombuis word beman deur drie Shoprite personeellede wat in logistiek ondersteun word deur ‘n Shoprite-supermark in die gebied waar dit bedryf word. ‘n Skakelspan van nege mense koordineer die hulpprogram nasionaal,” sê hy.

Ter afsluiting het Weyers bygevoeg dat Shoprite, wat as die grootste kleinhandelaar op die kontinent 56% van Suid-Afrikaners in sy supermarkte bedien, dit as sy plig sien om honger in die land te beveg en, waar moontlik, hulp te verleen om ‘n ten minste een voedsame maaltyd per dag aan arm Suid-Afrikaners te bring.

einde

Uitgereik namens die Shoprite Groep

deur Adele Gouws @ agouws@calibro.co.uk or 011 465 5225

24 Junie 2009